Alleman op digitale gemak

Still Experimenting – Marcus Neustetter
Outlet-galery, Pretoria
Franci Cronjé

Een van die grootste dilemmas van digitale kunstenaars is die feit dat die werk só tegnologies gevorderd raak, dat dit Jan Alleman verloor. En kom ons wees maar eerlik: As leek, met 'n beperkte hoeveelheid tyd en energie om aan kuns en die verstaan daarvan te bestee, wil 'n mens nie noodwendig voel dat dit harde werk is om kop of stert uit te maak van wat vir 'n mens aangebied word nie.

Daar is natuurlik 'n tyd en plek vir alles. So ook vir die sogenaamde "high art" wat net deur die kunsfoendi's en akademici verstaan word.

Hierdie gehoor is maar klein en eksklusief. Dit verg 'n sekere hoeveelheid kunsteoretiese agtergrondkennis van internasionale én plaaslike kunsneigings. Soos in enige ander vakgebied bind hierdie groepie kundiges hulself met 'n stewige persoonlike netwerk en roem individue hul op verskeie grade en kwalifikasies wat status en integriteit versterk of bevestig.

Soms verskyn daar 'n kunstenaar wat oor hierdie grense heen beweeg en werk vervaardig wat met verskeie vlakke kunswaardeerders kan praat.

Marcus Neustetter besit hierdie besondere gawe.

Die Outlet-uitstalruimte op die Tshwane Universiteit van Tegnologie se kunstekampus is die passie van kunsdosent Abrie Fourie, en gee 'n kunstenaar die vryheid om te eksperimenteer op maniere wat kommersiële uitstalruimtes nie noodwendig sou toelaat nie.

Die kunstenaar word nie gemanipuleer om "verkoopbare" werk te maak nie, en dus is daar 'n groter kans vir akademies gefundeerde, eksperimentele werk op aanbod. Neustetter is inherent geïnteresseerd in digitale kommunikasie en hoe hierdie medium deur 'n kunstenaar as tweerigtingstraat gebruik kan word. In die versigtig geplaasde beligting, slaag hy daarin om die kyker te laat voel soos die dogtertjie in die Tsjeggiese kunstenaar Jan Svankmajer se animasie-produksie van *Alice in Wonderland*.

Marcus Neustetter — Foto: FRANCI CRONJÉ

Konseptueel probeer Neustetter om soms onlogiese digitale informasie en inhoud van die virtuele na die fisieke omgewing oor te dra.

Hierdie huidige installasie word deur die die kunstenaar beskryf as 'n "drie-dimensionele digitale pikselskildery in 'n fisieke omgewing".

Die idee is dus dat die kyker in die drie-dimensionele omgewing as't ware binne-in die rekenaarbrein en -skerm inklim. Jy loop tussen "undo/redo"-ikone deur, verby beelde wat herinner aan die oudste monochroom selfoonbeelde op jou *upgrade* van ses jaar gelede.

Neustetter het as't ware die galeryspasie omgedop. Loop jy die trappe uit, sien jy net 'n versigtig geplaaste weerkaatsing van die uitstallingsnaam teen die een muur gereflekteer. En dis al. Hierdie ruimte word net as stoorspasie vir die kunstenaar se materiaal gebruik. Die idee is egter dat die digitale wêreld met die fisieke wêreld saamsmelt en kommunikeer. So beïnvloed die twee dan mekaar. Miskien is dit 'n sinvolle manier om die "digital divide" te oorkom?

Buite die spasie het Neustetter eers al die plakkate en kennisgewings waarmee die studente met jare se opgaar die buitemure versier het, afgekrap. Sommige van die gevonde objekte tree in gesprek met bestaande graffiti, terwyl graffitikunstenaars weer op hul beurt met heldergroen spuitsels met die kunstenaar se pasvoltooide verf-plantegroei praat. Dit herinner aan kommunikasie in 'n Internet-geselskamer of *blog*, waar die ongeskrewe reëls nie altyd deur 'n leek verstaan of opgemerk word nie.

Die kunstenaar nooi sy gehoor op 'n geslaagde manier om met sy werk te kommunikeer. Omdat die spasie nie as kosbaar aangebied word nie, kan die kyker op sy gemak, buite die wit ruim verken en probeer verstaan.

■ Skakel ☎ 082 775 4272 of outlet@mweb.co.za vir 'n afspraak.